## 2. Differensiasie ten opsigte van religieuse grondmotiewe en kultuur as determinante van die Nasionale Party se segregasiebeleid.

### 2.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word gepoog om die essensiële verband tussen onderwys en die religieuse grondmotief en tussen onderwys en kultuur aan te toon. Tweedens word daar gepoog om vas te stel in hoe 'n mate kultuur en grondmotiewe as determinante van die Nasionale Party se segregasiebeleid gedien het. Daar moet vasgestel word of die religieuse grondmotiewe en kultuurdifferensiasie wel in ag geneem is in die formulering van die onderwyssegregasiebeleid. Dit is noodsaaklik dat die onderwysbeleid voorsiening moet maak vir die binding van die onderwysstelsel aan 'n bepaalde kultuur en die voortsetting van tradisionele waardes van die besondere kultuurgemeenskap (Van der Merwe, 1978:134).

### 2.2 Grondmotiewe en onderwys

"Die grondmotief of geestesmag is die dryfkrag agter die hele doen en late van 'n persoon of 'n volk of 'n gemeenskap." (Ruperti, 1974:5). Die grondmotief is werksaam in 'n gemeenskap wanneer 'n sekere religie in 'n gemeenskap beslag kry en die tipiese karakteristieke invloed van daardie religie in die betrokke gemeenskap merkbaar is (Truter, 1981:130).

Barnard (1984:1729) wys daarop dat die opvoedingsmotief van 'n volk bepaal word deur sy religieuse grondmotief en dat daar 'n

noue verband tussen opvoedingsmotiewe en onderwysstelsels is. Van Wyk (1982:218) beklemtoon bogenoemde stelling deur te sê dat die grondmotief allesomvattend, integrerend en radikaal is. Volgens hom gee die grondmotief aan die onderwysstelsel sy besondere verwerkliking.

Ruperti (1974:5) verwys na drie belangrike feite in verband met grondmotiewe wat van deurslaggewende belang is by die ontwikkeling van 'n onderwysstelsel. Eerstens moet daarop gelet word dat die religieuse grondmotief op die hele kultuurgemeenskap beslag lê. Ruperti (1977:11) illustreer bogenoemde feit deur te verwys na die swart volke van Suid-Afrika se historiese grondmotief van 'n eiesoortige animisme en voorvaderaanbidding. Hulle kultuur vertoon verder 'n tradisionele gehoorsaamheid aan gesag en eerbied vir groepsgebondenheid. Die onderwysstelsel vir swart mense moet dus nie sterk klem lê op individuele mededinging nie, maar eerder op groepwerk (Van den Berg, 1980:97).

Tweedens moet onthou word dat die religieuse grondmotief van 'n kultuurgemeenskap nie altyd suiwer is nie, maar dikwels is dit 'n mengsel van grondmotiewe (Ruperti, 1974:5).
Ruperti (1977:11) verwys na die Westerling se Christelike grondmotiefkombinasie met sy twee hoofrigtings, naamlik Rooms-Katolisisme en Protestantisme.

Derdens is bepaalde religieuse grondmotiewe sterker en meer dinamies as ander. Barnard (1984:172) gee hier as voorbeeld die Protestant-Christelike religieuse grondmotief wat in Suid-Afrika meer dinamies is as die ander.

Dit is dus essensieel dat daar in gedagte gehou moet word dat daar 'n verskeidenheid religieë is wat elk via 'n eie religieuse grondmotief implikasies inhou vir die onderwysstelsel-ontwikkeling (Truter, 1981:131).

Daar kan tot die gevolgtrekking gekom word dat daar 'n besliste verband bestaan tussen die religieuse grondmotief van 'n bepaalde gemeenskap en die onderwysstelsel wat vir daardie gemeenskap daargestel is. In Suid-Afrika word egter verskeie rasse, maar ook verskeie volke aangetref. Dit is belangrik dat daar gekyk moet word in hoe 'n mate die segregasiebeleid die verskeidenheid religieuse grondmotiewe van die verskillende volke in ag neem.

## 2.3 Kultuur en onderwys

Voordat gekyk kan word na die verband tussen kultuur en onderwys moet die begrip kultuur eers gedefinieer word. Die begrip kultuur omskryf die ganse geestelike besitting van 'n volk, die volk se geesteslewe of beskawingstoestand (HAT, 1988:625). Kultuur is ook 'n volkekundige begrip wat alles wat die mens in sy volksverband tot stand gebring het, sowel as die resultaat van sy skeppende arbeidsaamheid, omvat (RGN, 1976:11).

Volgens Barnard (1984:228) maak onderwys en opvoeding 'n integrerende deel van die volkskultuur uit en is dit 'n vereiste dat die onderwysstelsel van 'n volk ten nouste by die betrokke gemeenskap aansluiting moet vind. Ruperti (1974:3) is van mening dat onderwys en opvoeding onlosmaaklik aan die kultuur van die gemeenskap verbonde is. Stone (1981:41) beklemtoon weer dat kultuur 'n determinant van onderwysstelsels is. Dit is dus duidelik dat daar wel 'n noue verband tussen kultuur en onderwys bestaan.

Heyns (1985:141) beklemtoon dat kinders oor alle aspekte van hul kultuur ingelig en voorgelig moet word. Hierdie inligting en voorligting moet deur middel van onderwys en opvoeding geskied. Die jeug sal sodoende kry waarop hy geregtig is, naamlik opvoedende onderwys wat met sy besondere aard, agtergrond en geesteseie rekening hou en wat in sy besondere behoeftes voorsien.

Kultuurdifferensiasie kan beskou word as die aangewese uitweg by die beplanning van die onderwysstelsel van 'n heterogene bevolking (Heyns, 1985:141). By die beplanning van 'n onderwysstelsel moet die drie kultuurbeginsels of kultuurnorme van kontinuïteit, differensiasie en integrasie in ag geneem word.

Die beginsel van kontinuïteit behels 'n gesonde balans tussen verlede, hede en toekoms, want kontinuïteit veronderstel voortgang vanuit die verlede, via die hede na die toekoms (Van Wyk, 1982:232). Die skoolsituasie moet by die huislike omstandighede aansluit. Daar moet kontinuïteit tussen die ouerhuis en die skool wees anders sal die kind probleme ondervind om dit wat hy in die skoolsituasie waarneem, te verwerk en vir homself toe te eien (RGN, 1976:49). Daar word later teruggekeer na die punt aangesien dit as een van die redes aangevoer is waarom onderwys vir swartes wel 'n afsonderlike bestaan het (vgl. 4.2).

Truter (1981:171) beklemtoon dat onderwys, volgens die kontinuïteitsnorm, by die kind se volkskultuur moet aansluit. Wanneer die kontinuïteitsbeginsel nie in ag geneem word nie en die skool ingestel is op 'n vreemde kultuur, word anti-normatief opgetree en word die kind se ontwikkeling geskaad.

Van der Merwe (1978:134) wys daarop dat die onderwys die jeug moet voorberei om self as volwassenes aktief tot die voortbou van die kulturele erfenis by te dra. Kontinuïteit en differensiasie gaan dus hand aan hand.

Die differensiasiebeginsel dui op die uniekheid en partikulariteit van die volkskultuur (Barnard, 1984:229). Kultuurintegrasie vind egter plaas omdat kulture met mekaar in aanraking kom en mekaar beïnvloed (Barnard, 1984:229). Die integrasiebeginsel verwys dus na behoud van eenheid in die verskeidenheid (Truter, 1981:172).

Daar is dus 'n duidelike verband tussen kultuur en onderwys. Die Nasionale Party-regering het gepoog om in sy segregasie-beleid erkenning te gee aan kultuurverskille tussen die blankes en swartes. So het die Eiselen-kommissie die opdrag gekry om 'n nuwe onderwysbeleid vir swart mense te formuleer, maar hierdie beleid moes rekening hou met "Africans as an independent race with inherent racial qualities." (Welsh, 1972:49).

Terminologiese verwarring spreek hier weer baie duidelik. 'n Ras is tog 'n biologiese eenheid en 'n volk 'n kultuureenheid. So het minister J.J. Serfontein tydens 'n toespraak in verband met aparte universiteite vir die verskillende volksgroepe verwys na erkenning van die <u>volks</u>eie, die skeiding van <u>rasse</u>groepe op grond van <u>rasse</u>grondslag omdat daar nie gepoog word om 'n swarte 'n blanke te maak nie, en dat die swarte opgevoed moet word om aan te pas by sy eie volksaard (Muller, 1980:495).

Die waarskynlikste verklaring vir die verskynsel is dat die aanvanklike rassesegregasie verfyn en uitgebrei is tot volkeresegregasie. Die volgende woorde van adv. J.G. Strijdom,

soos aangehaal deur Scholtz (1960:19) dien as bevestiging van bogenoemde verklaring: "Die doel van die apartheidsbeleid is om deur die skeiding van rasse... botsing tussen blankes en nie-blankes te voorkom... aan hulle die geleentheid te gee om in hul eie gebiede onder die voogdy van die blanke na hul eie aard en vermoë te ontwikkel."

2.4 Kultuurdifferensiasie en 'n eiesoortige religieuse grondmotief as determinante van die Nasionale Party se segregasiebeleid.

Volgens Van Schalkwyk (1985:96-97) sal 'n meer gedifferensieerde gemeenskap meer gespesialiseerde onderwysbehoeftes hê.

Kellerman (1970:150) beskou die lewenstyl en staatkundige beleid van afsonderlike ontwikkeling as die vrug van die Christelik-nasionale lewens- en wêreldbeskouing. Hierdie lewensbeskouing stel eise aan die onderwys en opvoeding.

Volgens die apartheidsbeginsel behoort elke volksgroep die voorreg te geniet om binne eie kulturele en volksverband opgevoed te word ooreenkomstig die norme en waardes van die besondere volksgroep (Labuschagne, 1987:54). Om aan hierdie doelwit te beantwoord, is insig in die wesenlike aard van onder andere die swart volke se kultuurpatrone en die andersoortige religieuse wortel waaruit hul leef, onontbeerlik (Kellerman, 1970:150).

Deur juis die verskeidenheid kulture te erken, probeer die handhawers van die apartheidsbeleid toesien dat die kultuurerfenisse, tradisies en die andersoortigheid van verskillende volke beskerm en eerbiedig word (Labuschagne, 1987:88). Ook Truter (1981:208) bevestig dat Suid-Afrika op

grond van sy diversiteit van rasse, volke en etniese groepe wat 'n heterogeniteit ten opsigte van beskawing en kultuur herberg, geen ander keuse het as om in die onderwysbeleid erkenning te verleen aan die verskeidenheid nie. Die verdeling van Suid-Afrika se onderwysstelsel in veelrassige sub-stelsels is volgens Mouton (1987:53) regverdigbaar op opvoedkundige gronde, omdat dit gegrond is op die essensiële verhouding tussen onderwys en kultuur.

Engelbrecht (1959:56) kom tot die gevolgtrekking dat die apartheidsbeleid nie berus op "opportunisme, selfvoldane meerderwaardigheid of politieke swendelary nie, maar op 'n lewens- en wêreldbeskouing" wat in die Calvinisme gefundeer is. Engelbrecht (1959:27) waarsku dat volkverbondenheid nie verbreek mag word deur middel van assimilasie en ineenvloeiing van die blanke met die nie-blanke rasse nie. Die swart mense word hier as een groot groep, een ras, geskets en die afsonderlike volke in die groep word nie raakgesien nie. As rede hiervoor voer Engelbrecht (1959:27) die radikale verskille ten opsigte van hul gemeenskaplike verlede, hul geskiedenis en hul biologiese erfenis aan. Deur die swart mense se etnisiteit, se volkbestaan te misken, misken 'n mens juis hul kultuurgebondenheid. Die terminologiese verwarring veroorsaak dat die argument nie prinsipieel suiwer kan verloop nie.

Differensiasie was gebaseer op die hele lewensinhoud en veral die wesenlike verskil ten opsigte van beskawingspeil en lewensbeskouing. Volgens Du Toit (1955:25) het velkleur nie as determinant vir differensiasie gedien nie. Coetzee (1976:20) is van mening dat die erkenning van die kultuureie 'n denkrigting is wat gefundeer is in die Calvinisties-Christelike leer. Die Afrikaner het met verloop van tyd homself as draer van 'n Christelike beskawing aan die Suidpunt van Afrika begin sien.

Om aan hierdie roeping te voldoen, moes hy sy identiteit bewaar (Du Toit, 1955:25). As draer van die Westerse kultuur en Christendom het die Afrikaner homself beskou as die natuurlike voog van die heidense swartes (Coetzee, 1976:20).

Engelbrecht (1959:135) bevestig dat die Afrikanervolk oortuig was dat God, as die Selfgenoegsame, in die eenheid verskeidenheid daargestel het. Volgens die beginsel van Christelike liefde word vereis dat aan elkeen die moontlikheid gegun word om sy gawes en talente te ontplooi. Hieruit vloei die voogdyskapbeginsel wat 'n wesenlike deel van die segregasiebeleid uitmaak, voort (Du Toit, 1955:29).

Labuschagne (1987:87) sê dat gelykstelling op die basis van die kultuuraard van die blankes 'n miskenning is van die feit dat God aparte volke gewil het. Ook Shingler (1973:150) lê klem op die erkenning van volksidentiteit: "Each people or volk in the world, being God's creation, had its own identity. It was no part of man to destroy, change or sully that identity ..."

Coetzee (1976:270) beweer dat omdat God die verskillende nasies geskei het, het die algemene kultuuropdrag 'n besondere duiding gekry en het dit aan elke volk 'n eie besondere roeping opgedra. Omdat "nasie" gewoonlik verwys na 'n politieke eenheid wil dit voorkom of die outeur die begrip verkeerdelik in plaas van "volk" gebruik het. Volgens Reader's Digest (1988:603) kan die woorde volk en nasie egter wel as sinonieme gesien word.

Boshoff (1977:28) is baie beslis in sy uitspraak dat daar geen gronde bestaan vir die verheffing van een volk bo 'n ander nie.

Daar moet egter erkenning gegee word aan die feit dat 'n volk

tot 'n eenheid groei, wat die aanvaarding en absorbering van ander persone en gemeenskappe uiters bemoeilik, veral as die getalle en verskille so groot is dat die bepaalde volk se eie aard en sy selfbeskikking daardeur bedreig word (Boshoff, 1977:27).

Die segregasiebeleid is volgens sy voorstanders gegrond op die Christelike beginsels van reg en billikheid en op die oortuiging dat afsonderlike ontwikkeling die enigste grondslag is waarop elke volk die volle kans sal kry om sy eie besondere volksaard en -karakter te behou en te ontwikkel (Labuschagne, 1987:28).

Die Afrikanervolk se eiesoortige religieuse grondmotief en kultuur kan dus met reg beskou word as die determinante van die Nasionale Party se segregasiebeleid.

## 2.5 Samevatting

Die religieuse grondmotief en kultuurdifferensiasie het gedien as determinante van die Nasionale Party se segregasiebeleid. Dit wil voorkom asof hierdie beskouing of uitgangspunt dikwels nie prinispieel suiwer gehanteer is nie omdat die begrip "ras" soms voorgestel is as 'n kultuureenheid in plaas van 'n biologiese eenheid. Alhoewel terminologiese verwarring voorkom, bly die feit staan dat die Nasionale Party se segregasiebeleid die vrug is van die erkenning van die eiesoortige religieuse grondmotiewe van die verskillende volke en van kultuur-differensiasie. In werklikheid het die blanke hom nie van die swarte gedistansieer op grond van kleur nie, maar eerder op grond van kulturele en volkereverskille (Rhoodie, 1970:111).